# BERGenBAAI

NED GEREF GEMEENTE CONSTANTIA

DERDE UITGAWE
NOVEMBER 2010



LEES OOK

Groter is nie altyd beter nie - bl. 2

Retraite - bl. 5


*Berg en Baai* wens al sy lesers seën toe met Kersfees en baie vreugde saam met familie en vriende tydens die vakansietyd.

**ANDER Sê...**

*Christmas began in the heart of God. It is complete only when it reaches the heart of man.* (Anonymous)



## Gestuurde Gemeentes, 'n nuwe gonswoord, of steek daar meer in?

**Vooraf**

Dit was eers net 'n ligte ritseling in die wind; familielede uit ander gemeentes of vriende uit ander kerkgroepe wat laat hoor: ons ondersoek 'Gestuurde Gemeentes'. Nou onlangs het daardie ritseling al hoe sterker begin word en `n mens hoor die term al hoe meer, vergesel van ander terme wat met Gestuurde Gemeentes in verband gebring word, soos 'missionêr' en 'vennootskappe'.

**Maar wat beteken dit nou eintlik, waaroor gaan dit?**

Na 'n bietjie rondvra en 'n bietjie meer navorsing blyk dit dat die nuwe tendens nie so nuut is nie. Mense het alreeds meer as dertig jaar gelede hieroor gedagtes begin wissel. En waaroor dit gaan, is die besef dat die wêreld waarin ons vandag lewe, nie meer dieselfde is as die wêreld waarin ons ouers en grootouers gelewe het nie. Veertig, vyftig jaar gelede het die kerk 'n sekere status in die samelewing gehad.

Gemeenskappe in die Westerse samelewing het sterk grense gehad wat nie maklik oorbrug is nie. Kerkbywoning op 'n Sondag was as vanselfsprekend aanvaar en omdat jou bure ook deel was van dieselfde kultuurgroep as jy, het julle almal ook dieselfde kerk bygewoon. Die kerk het 'n sentrale posisie in die gemeenskap beklee. Dit was nooit nodig om uit te gaan na mense om hulle kerk toe te nooi nie; hulle was reeds daar.

**En vandag?**

Maar vandag het die kerk daardie posisie verloor en staan sy aan die rand van die samelewing. Die kerk bevind haarself in 'n nuwe tydvak, met 'n samelewing wat beskryf word as na-Christendom/post-Christendom, 'n samelewing gemik op materialisme in 'n verbruikerskultuur. In 'n geglobaliseerde wêreldkultuur is dit nie meer vanselfsprekend dat kollegas in dieselfde kantoor, of al die bure in die straat, aan dieselfde kultuurgroep sal behoort nie, wat nog daarvan dat hulle dieselfde godsdienstige waardes sal hê. Die opsies vir vryetydsbesteding is soveel groter in die hedendaagse lewe dat dit makliker is om op 'n Sondag die keuse te maak om strand toe te gaan of te gaan inkopies doen, eerder as om kerk toe te gaan.

**Wat is nou die kerk se roeping?**

In die opset begin kerke vra, hoe moet hulle hulle roeping uitleef in hierdie veranderde omstandighede, waar mense nie meer kerk toe kom nie, en ongemaklik voel in die geselskap van Christene; waar dit nodig is om uit te gaan om mense in te nooi kerk toe, en waar kerk lekker gemaak moet word vir hulle sodat hulle gemaklik sal voel en weer sal wil kom.

Die ware verstaan van die roeping van die kerk begin by 'n verstaan van God as die Een wat stuur. Hiermee word daar dikwels verwys na die teks in Lukas 10:1-20 waarin Jesus sy volgelinge uitstuur om 'n verskil in die wêreld te gaan maak. Hulle word uitgestuur sonder beursies sodat hulle moet oorbly waar hulle heen genooi word, of dit nou in die huise van minderbevoorregtes of mense van 'n ander kultuurgroep is. Jesus verwag dus van hulle om grense te oorbrug en om oop te wees vir verandering in hulle lewe.

**Is ons steeds God se ambassadeurs?**

God stuur ons nog steeds uit as Sy ambassadeurs, en God verwag van ons ook om mense te gaan ontmoet op die markpleine en in hulle huise, om daar aan hulle die Boodskap te bring. Waar dit voorheen gesien is dat sending een van die instrumente van die kerk is, is die nuwe gedagte dat die kerk die instrument is in God se sending na die wêreld. Daar is nou 'n groeiende besef dat 'kerk' nie net in 'n kerkgebou hoef plaas te vind nie, maar dat dit juis moet uitreik na waar die mense is: koffiewinkels, huiskerke, en kuber-kerke op die internet. Uiteraard bring hierdie nuwe manier van doen 'n groot kopskuif mee.

**Wat is Gestuurde Gemeentes dan?**

*Gestuurde gemeentes* is gemeentes wat begin het om te besin oor God se roeping vir die kerk in die wêreld, en besef het dat die kerk weer 'n identiteit apart van die wêreld moet ontwikkel om teen die algemene stroom in te beweeg – nes die Christene in die vroeë tye.

*(Vervolg op bl. 2)*

NED GEREF GEMEENTE CONSTANTIA

# Redaksioneel



### Wat gebeur wanneer `n mens verjaar?

Niks. Net mooi niks! Jy word sedert die vorige verjaardag daagliks ouer en jy beweeg nader aan die volgende verjaardag wat moontlik `n "mylpaal" kan wees - dalk een van die wat op `n NUL eindig. Wanneer die verjaardag eindelik opdaag, is jy by wyse van spreke reeds daar. Verjaar. Maar dis net `n deel van die waarheid, as dit hoegenaamd die waarheid is. Die dag self hang van baie dinge af en die lekkerste is die mense rondom jou. Jy word onthou op die dag deur `n klomp vriende en familie en in die verbygaan ontvang jy handdrukke, dalk `n soen of twee as jy gelukkig is (of Ongelukkig), `n geskenk of twee, drie en baie liefde van diegene naaste aan jou. En dis lekker. Ekstra moeite met die ete, ekstra moeite met jou pakkie en die vrystelling van jou deel van die daaglikse sleurtakies.

En nou kom Kersfees en ons, wat onsself Christene noem, herdenk Kersfees - Sy verjaardag en ons gee vir mekaar pakkies en bewys aan mekaar liefde en sorg en spesiale aandag. Ons doen dit asof vir Hom, want in mekaar soek ons Hom en herken en erken ons Hom en wens ons Hom geluk, want Hy het ons gesoek, onsself en ons nader kom, herken en erken, want Hy dra ons geluk op die hart.

Mag ons Kersfees so ervaar, mekaar se liefde opnuut soek en waardeer, en mag ons aan mekaar vashou, want dis wie Hy hier op aarde vir ons gegee het. Mense om aan vas te hou.

***Berg en Baai*** se redaksie wens sy lesers die lekkerste rustyd toe waarom u kan dink en mag u so verfris wees dat u in 2011 skoon skrik vir u eie ywer.

Pieter

*(Vervolg van bl. 1)*

Hoe meer die kerk tuis voel in hierdie wêreld, hoe groter is die kans dat sy nie meer aan God se roeping vir haar voldoen nie. Verdere eienskappe van *Gestuurde Gemeentes* is onder meer dat die gemeente se lidmate sal saamwerk daaraan om die roeping vir hulle gemeente te bepaal binne hulle spesifieke konteks en tyd. In die soeke na hulle roeping laat hulle toe dat die Bybel hulle vorm, dra hulle mekaar se laste om so die evangelie sigbaar te maak in hulle lewens, en streef daarna om in afhanklikheid van die Heilige Gees te leef. Hulle besef ook hulle eie sondigheid en swakheid en dat hulle voortdurend nodig het om weer tot bekering te kom.

**Waar begin `n mens?**

'n Gemeente wat besluit het dat hulle wil deelneem aan hierdie proses van kerkwees in 'n nuwe era van sending in alles wat hulle doen en sê, moet begin by selfondersoek om die sterkpunte van die gemeente te bepaal en daarop uit te brei. Dit is ook 'n proses wat die gemeente se gestuurde roeping wil vasstel deur te vra na God se voorkeur vir die toekoms van die gemeente. Dit is nie 'n proses met vooraf bepaalde stappe en uitkomste nie, en is ook nie bedoel om reeds bestaande aksies van die gemeente af te skryf of te verander nie. Wat wel duidelik is, is dat so 'n gemeente sal besluit om te verander van 'n mode van net instandhouding na een wat bewus is van die wêreld om hulle, en wat weet hoe en waar God in hulle wêreld aan die werk is. Hulle sal ook leer om te onderskei en te luister na God se plan vir hulle gemeente.

'n Gemeente wat besluit het dat hulle wil deelneem aan hierdie proses van gestuur wees, sal ondervind dat hulle dit nie alleen doen nie. Hulle sal 'n vennootskap vorm met ander gemeentes wat ook op hierdie pad van verandering beweeg en saam sal hulle verandering in hulle gemeente as 'n geskenk uit die Here se hand ontvang omdat die verandering hulle laat groei as kinders van God in vandag se wêreld.

***Shani Vavruch***



## LEES MEER OOR DIE GESTUURDE GEMEENTE…

http://www.gemeentes.co.za/webbladsye/kruisgewys7.4.html#Missionale%20teologie

http://missionalchurchnetwork.com/ : http://academic.sun.ac.za/buvton/Vennote/Partnership.htm

http://www.friendofmissional.org

Forum

# grOtEr is nie altyd beter nie

Ons is nie 'n groot gemeente nie. Ek was al soms jaloers wanneer ek kontak met gemeentes met groot getalle lidmate gehad het. Party van daardie gemeentes het sommer 'n hele paar predikante met 'n verskeidenheid bedieninge waarin elkeen spesialiseer: kinders; tieners; jongmense; jong getroudes; seniors; ensovoorts! As 'n mens na die geboue en die hulpmiddels kyk, is daar skynbaar ook nie 'n tekort aan geld nie. Hulle bied gereeld kursusse en seminare aan en gaan op uitreike en doen soms baie in die gemeenskap. Dit kom voor of daar genoeg helpers is om oral hand by te sit.

Wanneer 'n mens artikels en boeke lees en luister na wat mense sê, wil dit soms klink asof dit is soos wat 'n droomgemeente behoort te wees. Dit is waarna gemeentes moet strewe, want groter is beter!

Maar is dit noodwendig altyd so?

Ek het onlangs twee boeke gelees wat my weer met nuwe oë en met groter waardering na klein gemeentes soos ons s'n laat kyk het. Die een skrywer wys daarop: *"Approximately two-thirds of all churches in the United States average 100 people or fewer on Sundays. More than 100,000 churches average 50 people or fewer in their Sunday morning attendance."* Hierdie syfers het my laat besef dat ek eintlik 'n verwronge indruk gehad het oor die kerk in die VSA. Daar is wel reuse kerke soos Willow Creek byvoorbeeld, maar hulle is die uitsondering.

Lidmate wat vanaf groot gemeentes by ons aangesluit het, het al teenoor my genoem dat hulle ons opset baie meer persoonlik vind. Lidmate wat hiervandaan vertrek en by groot gemeentes aangesluit het, het weer gekla dat hulle dit daar baie onpersoonlik ervaar. Met so baie mense en verskillende eredienste is dit ook te verstane. Daardie gemeentes besef dit gewoonlik en probeer hard om iets daaromtrent te doen.

Die feit dat ons minder is, versterk die familiegevoel. Ons kan nouer met mekaar se wel en wee saamleef. Ons kan mekaar selfs op die naam leer ken! Ons weet glad wie nie die oggend in die erediens was nie! Ons merk nuwelinge makliker op en kan hulle dus gouer laat tuis voel.

Die feit dat ons hande en beursies minder is, is baie maal frustrerend, maar beteken eenvoudig dat ons streng by ons prioriteite moet hou – wat ook 'n goeie ding is. *"Small churches must overcome the desire to be all things to all people. It's much more healthful for a church to identify its strenghts and focus those strengths on a few ministries they can do with excellence."*

Dit maak ook dat elkeen se bydrae belangrik is. Al kan ek nie meer doen wat ek vroeër gedoen het nie, lewer ek nou my bydrae op 'n ander manier. In kleiner gemeentes hoef niemand oorbodig te voel nie.

Dinge kan ook vinniger gebeur. Besluitneming en organisering is eenvoudiger sonder 'n klomp rompslomp. Dit verloop meer informeel – soos in 'n familie!

Ek is dus nie meer jaloers op die groot gemeentes nie – en dit is nie 'n geval van suur druiwe nie! Ek bewonder nog steeds dit wat hulle vir die koninkryk doen en glo hulle lidmate is baie gelukkig daar en dis ook waarom hulle so groot is. Ek pleit ook nie dat gemeentes moet klein bly en nie 'n groeivisie moet hê nie, allesbehalwe. Maar soos wat Dennis Bickers tereg skryf, pleit ek dat ons as gemeente 'n gesonde selfbeeld sal hê en sal strewe daarna om 'n *gesonde*, eerder as 'n groot gemeente te wees:

*"Healthy small churches will be on a mission with God at home and around the world. They understand that their reason for existence is not merely to survive but to extend the kingdom of God through their efforts, prayers, and finances. They refuse to focus on their limitations but choose to concentrate on the gifts, resources, and opportunities God has provided them."*



## WAARVOOR STAAN "L10T"?

Lukas 10 Transformasie (of L10T in kort) is 'n inheemse program wat ontwikkel is deur Willem Joubert van Jerigo Mure en dit beoog om die evangelie aan mense te bedien binne 'n post-moderne, politiese korrekte samelewing. Dit is opleiding wat gewone lidmate help om hulle Christenskap aktief uit te leef. Volgens een van die aanbieders "is die Goeie Nuus oor L10T dat ALMAL dit kan doen (meer korrek, kan uitleef) en ons bedoel ALMAL, van 3 jaar tot 100 jaar! Dit is só maklik en effektief!" As jy graag meer wil weet of wil hê dat ons dit ook in Constantia moet aanbied, kan jy gerus met ds. Theron in verbinding tree.





# *WAT 'N DAG!*
# *Of*
# *Vier vreeslike mikrobusse!*

`n Klompie jare terug,  toe ds. Why nog by ons gemeente ingeskakel was, het hy 'n groepie katkisante Oranjerivier toe geneem vir 'n weeklange kamp.  Hy kon vier mikrobusse uit die gemeente leen en so is hulle toe een oggend, baie vroeg by die Apostelbattery weg.  In Kampsbaai het een mikrobus so onklaar geraak dat hulle die vrag moes verdeel en oorlaai in die ander drie.

`n Paar dae later bel Berna: "n Mikrobus het gebreek en staan op Bitterfontein.  Christine vra of ons die kinders kan gaan haal."   Ek tref vinnig reëlings by die kantoor en ry. Op Ou Kaapse weg bel Berna weer: "Herman Steyn bied sy mikrobus aan."  Goed so.  Ons gaan wag by hulle huis en wag, en wag, en wag... Eindelik daag Christine op en sê

dat toe sy die bussie vol brandstof wou laat maak, was een of ander pypie gebreek en het die brandstof uitgelek, moes eers herstelwerk laat doen en daarom die vertraging.

Eindelik is ons toe op pad. Halfpad na Malmesbury bel Christine: "Ses van die kinders het 'n geleentheid gekry en wag by die polisiekantoor op Vanrhynsdorp. Een voertuig is voldoende." Berna moes toe maar baie teleurgesteld omdraai.  Ek ry rustig voort -  die son is agter ,die blomme is oop en die natuur is pragtig!  Kom so ongeveer vyfuur op Vanrhynsdorp aan, laai die seuns en die bagasie.  Na 'n blok of twee sê een van hulle: "Oom, daar is eintlik nog `n sleepwa wat gehaak moes word"!    Goed,  dan draai ons om, haak aan en gaan maak vol brandstof.   Op 'n vraag of hulle al geëet het, antwoord Braam Botes: "Eintlik het ons nie meer geld nie, oom."  My kredietkaart was toe nog geduldig en laat ek hulle ietwat oordadig eetgoed bestel, ook omdat hulle darem reeds van twee-uur die oggend op pad was.

So  'n entjie uit Vanrhynsdorp bel Christine: " `n Mikrobus het gebreek en staan op Piketberg."  (As ek reg onthou was dit Carel de Ridder se Synchro.)  Ek hoef nie iets te doen nie; sy het reeds vir Chris Meiring gevra om die kinders met sy mikrobus te gaan haal.  By Piketberg draai ek nietemin in en kry vir Chris-hulle nog by die garage.  Help met die aanhaak van die sleepwa.  Dit is 'n enorme polisieding - lyk soos iets waarmee perde vervoer word, maar dis vol kamptoerusting en opblaasbote.   Hiervandaan was die rit heelwat stadiger, maar voorspoedig en was ons ongeveer nege-uur die aand  by die Apostelbattery, waar angstige ouers ons ingewag het.



Op die punt waar ons kon omdraai en moes stilhou, is die pad smal en afdraend. My sleepwa kon gemaklik ontkoppel en parkeer word. Omdat die sleepwa agter Chris se mikrobus so groot en swaar was, moes dit deur omstanders teëgehou word, terwyl dit ontkoppel word en toe wou die koppeling nie losknip nie.    Na 'n gesukkel in die donker met net 'n flitsie het een van die ouers onder die trekstang ingekruip en die knip met 'n groot skroewedraaier losgewikkel.  Nodeloos om te sê, toe die sleepwa los kom, het Chris laat loop tot op 'n veilige afstand en het die ouer vinnig onder die trekstang uitgerol.

Wat 'n dag!  Na ons Herman se mikrobus teruggeneem het, kon ons so teen elfuur in die bed klim. Ds. Why wis toe nog niks van al die ellendes nie omdat hy reeds vroeër as die groep by die Oranjerivier weg is om 'n vlug na Johannesburg te haal.  Wie aan wie moes verduidelik en verantwoord, weet ek tot vandag toe nog nie.

*Jan Kotze*



The Rev. Billy Graham tells of a time early in his career when he arrived in a small town to preach a sermon. Wanting to mail a letter, he asked a young boy where the post office was.

When the boy told him, Rev. Graham thanked him and said, "If you'll come to the Baptist church this evening, you can hear me telling everyone how to get to Heaven."

"I don't think I'll be there," the boy said. "You don't even know your way to the post office."

## NUTTIGE WEBWERWE

**Is bekering nog belangrik?**

Is bekering nog belangrik as deel van die Christelike boodskap, terwyl baie lande wetgewing het wat bekering verbied? Hier is 'n boek van 187 bladsye wat jy volledig en gratis van die internet kan aflaai by http://tinyurl.com/2vae5gr . Sy naam is "One Cross, One Way, Many Journeys" van David Greenlee.

**Nuttige Lausanne materiaal**

As jy die Lausanne III konferensie oor wêreld-evangelisasie in Kaapstad misgeloop het, en ook as jy dit nie misgeloop het nie, kan jy in die hele studieveld deel deur te gaan na http://conversation.lausanne.org/en . Uiteindelik sal al die referate op die internet beskikbaar wees. (Behalwe dié wat dalk gelowiges in gevaar kan stel.) Die opnames van die referate by Connected 2010 sal ook binnekort beskikbaar wees op www.connected2010.org .

**Bid vir die vervolgde kerk**

Vanjaar word daar weer van 7-14 November gebid vir die minstens 100 miljoen van ons broers en susters wat nie geloofsvryheid soos ons het nie. Geopende Deure het pragtige materiaal beskikbaar wat ons kan gebruik om die gemeente in voorbidding vir hulle te lei: http://www.opendoors.org.za/index.php/idop-2010

**Stel jy belang in kuns?**

Hier is 'n webwerf wat jou baie inligting oor bekende skilders kan gee, asook goeie voorbeelde van sy/haar werk: http://www.artcyclopedia.com/

**UIT**: BM Monitor (`n Elektroniese Nuusblad van Bybel Media)

# Retraite September 2010, Schoenstatt Constantia

***Een van die gemeentelede wat die Retraite bygewoon het, het vir ons hierdie verslag gestuur:***

Vanjaar se Retraite was weereens 'n insiggewende belewenis. Dr. Riaan van der Merwe het hierdie keer gefokus op ons identiteit as God se geliefdes en die vreugde wat dit ons behoort te gee. Ons het gedurende die naweek na DVD`s van Henri Nouwen en John Ortberg gekyk oor hierdie tema, en natuurlik het ons baie tye van privaat stilte gehad om hieroor na te dink.

**Fokus**

Ons fokus so baie keer op ons status of besittings as die maatstaf van ons waarde. Maar God sien ons as Sy geliefde kinders en Hy wil hê ons moet vanuit daardie waarheid leef. En wanneer ons uit hierdie waarheid leef kan ons nie anders as om ander ook lief te hê nie want ons sien hulle ook as God se geliefdes. Henri Nouwen herinner ons dat God se koninkryk anders werk as die menslike wêreld: hier veg ons altyd om bo uit te kom, om die beste te wees, maar in God se Koninkryk kan *elkeen* die beste wees - elkeen is uitverkore! Dit is moeilik vir ons om te verstaan, maar dit is hoe God ons sien - elkeen anders, maar elkeen ewe belangrik en van ewe veel waarde. Dit is net wanneer ons waarlik ons eie uitverkore status aanvaar dat ons dié van ander kan sien.



**Vreugde**

John Ortberg sê dat ons 'n gewoonte daarvan behoort te maak om vreugde in die lewe te soek. Die God wat ape en kameelperde geskep het, moet 'n sin vir humor hê! Hy het skoonheid en pret geskep vir ons om te geniet - 'n teken van Sy liefde vir ons. Dus is vreugdeloosheid 'n tipe sonde en moet dit vermy word. Maak dit 'n gewoonte om eenmaal 'n week 'n "vreugde dag" te hê – doen die dinge wat vir jou gelukkig maak en onthou daardeur God se liefde vir jou!



**Vrede**

Die omgewing van Schoenstatt is die perfekte plek om God se liefde vir ons te oordink. Daar kan jy stil word, die natuur bewonder en jou gedagtes op die onverstaanbare liefde van ons Skepper en Vader fokus. Dit is moeilik om nie vreugde en vrede te voel as jy daar op 'n bankie tussen die bome en blomme sit en Bybel lees of bid nie.

**Veilig in God se hande**

Vir my persoonlik was vanjaar se Retraite 'n kans om weer te onthou dat ek veilig in God se hande is. Daar is niks om te vrees nie, om my oor te bekommer nie, want God se plan is perfek – ek moet net geduld hê en Sy wil soek. Terwyl ek op die Saterdag in een van Schoenstatt se geboue rondgedwaal het, het ek op 'n aanhaling van Schoenstatt se stigter, Vader Kentenich afgekom. Dit sê: "If I always go where God is sending me, I can be sure He will await me there with open arms."

*(Foto`s deur Maria Wagener : Schoenstatt webtuiste - Red.)*






## TUINMARK

**Grieta Muller** en **Ingrid de Klerk**, twee ywerige lidmate van Constantia, het begin met die organisering van 'n Tuinmark op die kerkterrein. Enigiemand kan 'n tafel huur en sy/haar ware daar uitstal en verkoop. Daar is ook iets te ete en te drinke beskikbaar.  Dit vind elke tweede maand op 'n Saterdagoggend vanaf 10 tot 1 plaas. As u wil deelneem of meer besonderhede verlang, kan u vir **Grieta** by **0731342085** skakel.

Lidmate wat met vakansie wil gaan en troeteldiere het waaroor hulle besorg is, kan ook vir Grieta hieroor skakel.



# In die Gemeente se Biblioteek

Die kerkbiblioteek het 'n verskeidenheid boeke en DVD`s wat beskikbaar is vir lidmate om te leen.  Kom na die diens na die voorportaal om 'n boek of twee uit te neem, of loer `n bietjie in die kantoor om 'n DVD te kies.   Vul net jou naam en die datum in op die kaartjie, los die kaartjie in die boks op die rak, en siedaar,  jy is deel van die kerkbiblioteek gemeenskap!

Hier is 'n paar van die boeke en DVD`s wat ons oor die laaste paar maande bygekry het.

***Bringing Home the Prodigals*** – Rob Parsons

'n Kort maar kragtige boek vir ouers of familielede van "verlore kinders".  Enigiemand wat 'n geliefde  het wat weggedwaal het van die kerk sal voordeel trek uit hierdie boek.

***Die Vyf Tale van Apologie*** – Gary Chapman

Die skrywer van *Die Vyf Tale van die Liefde* verduidelik dat, net soos ons almal verskillende maniere het om liefde uit te druk, is daar ook verskillende maniere om apologie uit te druk. Om seker te wees dat die ander persoon jou opregtheid herken, moet jy weet watter een van die vyf "tale" hulle die beste sal verstaan.  Die vyf tale van apologie is:

Om berou uit te spreek -  "Ek is jammer."
Om verantwoordelikheid te aanvaar - "Ek was verkeerd."
Om herstel te bring - "Wat kan ek doen om dit weer reg te maak?"
Om opreg spyt te hê - "Ek sal probeer om dit nie weer te doen nie."
Om vergiffenis te vra - "Vergewe my asseblief."

***In die Greep van Genade*** – Max Lucado

Max Lucado skryf oor die lering van die boek Romeine.   Alhoewel hierdie brief partykeer moeilik is vir Christene om te verteer, wys Lucado dat die toorn en straf van God tekens is van Sy liefde en genade.  Soos gewoonlik maak Lucado sy punt maklik verstaanbaar deur sy eenvoudige skryfstyl en die gebruik van stories oor alledaagse mense en dinge.

***The Vienna Prelude*** – Brock & Bodie Thoene

Die eerste roman in die Zion Covenant reeks vertel van Eliza Lindheim wat in 1936 in Oostenryk die viool in die orkes speel.  Sy en die res van haar half-Joodse familie probeer die opgang van Nazisme in Duitsland ignoreer,  maar wanneer dinge net erger begin word, moet hulle moeilike keuses maak.

***"Lost in Translation"***

Hierdie Louie Giglio DVD bestaan uit 6 lesse oor die tema "Hoe kan ek weet wat God se wil vir my lewe is?". Giglio praat oor hoe om God se stem te hoor en hoe die alledaagse besluite wat ons neem ons lewens beïnvloed.



***"The Nativity Story"***

Die perfekte fliek vir Kersfeestyd!  Keisha Castle-Hughes vertolk die rol van Maria in hierdie vertelling van die Kersverhaal.  Die fliek probeer om die historiese en sosiale konteks van Maria se storie uit te beeld en gee daardeur vir die kyker 'n nuwe perspektief op 'n verhaal wat ons almal baie goed ken.



Tydens ons Alphadag geneem by die Dominikaanse Retraite sentrum in Wynberg. Daar was altesaam 23 kursusgangers. Diegene op die foto is vlnr: Andre, Riette, Alfons, Bernard, Madeleine, Gerhardi en Johan.



Op die foto verskyn ds. Uys Theron en sommige van die leerlinge (Grade 5 en 6) aan die Zwaanswyk Akademie vir wie hy elke tweede Maandagoggend Bybelonderrig gee. Ander helpers uit die gemeente is Marina de Waal, Anita Timewell en Helmien Prins. Daar is nog mense vir 2011 nodig om te help met die Afrikaanssprekende leerlinge. "Dit is 'n kosbare geleentheid om nie net te kla oor `die jeug van vandag` nie, maar om iets positiefs te doen!" sê ds. Theron.

**The Lausanne Movement and its History**

The story of Lausanne begins with Rev. Billy Graham. A powerful preacher, Graham quickly rose to prominence in the 1940's and 50's to become America's foremost evangelist. As he began preaching internationally, Graham developed a passion to "unite all evangelicals in the common task of the total evangelization of the world." In 1966 the Billy Graham Evangelistic Association, in partnership with America's *Christianity Today* magazine, sponsored the World Congress on Evangelism in Berlin. The Congress brought together 1,200 delegates from over 100 countries and inspired a number of follow-up conferences in places such as Singapore and Bogotá. Just a few years later, Graham perceived the need for a larger, more diverse congress to reframe the Christian mission of evangelization in a world rife with social, political, economic, and religious upheaval. He shared this idea with 100 world Christian leaders, and the affirmation of the need for such a Congress was overwhelmingly enthusiastic. (Oorgeneem uit die Lausanne webtuiste - red.)

Lees ook: John Piper besoek Suid-Afrika - bl. 9

## DIE GEMEENTE SE LEIERSKAP

Die volgende persone is onlangs deur die lede van die betrokke vergaderings verkies:


**Voorsitters:** Ds. Theron (kerkraad); Esmari Borchardt (Wyksraad Constantia) en Marius Vorster (Wyksraad Houtbaai).


**Ondervoorsitters:** Kobus Stander (Kerkraad en Houtbaai); Jeff Fowler (Constantia Wyksraad).


**Die Dagbestuur** bestaan uit bogenoemde lede en ds. Gerhard Pietersen. Hulle is ook verantwoordelik vir Diensverhoudinge, Toesig en Toelating.



# Finansiële Verslag




Enkele opmerkings:


1. Die inkomste soos gereflekteer op die "Inkomste"-grafiek sluit nie die Lofoffer syfers in nie, aangesien die Lofoffer Sondag op die 31ste Oktober was en daar dus nie genoeg tyd was om al die syfers bymekaar te kry nie. Dit sal wel in November 2010 se inkomste gereflekteer word – hou dus die webwerf dop!

2. Alhoewel die Spanbestedings vir Geloofsgroei, Jeug en Noodleniging onderskeidelik as -0.9%, -0.6% en -0.0% op die grafiek uitgebeeld word, beteken dit slegs dat hierdie spanne se balans in werklikheid in krediet staan ten bedrae van:

a. Geloofsgroei: R 7,230

b. Jeug: R 5,044

c. Noodleniging: R 345



3. Ons kontantvloei is op hierdie stadium gesond met 'n positiewe banksaldo van R 76,718 soos op 18 Oktober 2010. Hou egter ingedagte dat ons nou twee "maer" maande betree, Desember & Januarie, waar ons inkomste tradisioneel baie laag is as gevolg van die vakansie.

Dit dan vir eers al vanuit die Finanskantoor.

***Jeff Fowler***

(Voorsitter)

# RINGSONDERSOEK EN TOEKOMSBEPLANNING

Die Ring van Wynberg het gedurende September sy jaarlikse vergadering in Plumstead gehou. Daar was afgevaardigdes uit die gemeentes van Pinelands, Rondebosch, Wynberg, Ottery, Plumstead, Constantia, Zwaanswyk, Vishoek en Simonstad.

By daardie geleentheid is 'n voorstel goedgekeur dat kerkrade gevra word om te dink oor die moontlikheid daarvan om met een of meer ander gemeentes te kombineer. Dit behels onder andere dat aanbiddingsplekke en eredienste bly soos dit is, maar kerkrade word wyksrade met een gesamentlike kerkraad tussen die gemeentes (soos die geval is met Houtbaai en Constantia). Personeel sou gedeel en party projekte saam aangepak kon word.

Die doel hieragter is om pro-aktief op te tree in die lig daarvan dat al die Afrikaanse gemeentes in die Suidelike Voorstede se getalle jaarliks afneem. Die Ring het versoek dat kerkrade voor Maart 2011 terugvoering gee.

Die wyksrade van Houtbaai en Constantia het die voorstel bespreek en daarna het die kerkraad besluit om hom nie op hierdie stadium tot so 'n proses te verbind nie. Ons besef nietemin dat ons as gemeente by 'n belangrike kruispunt gekom het en dat indringende gesprekke oor die toekoms noodsaaklik is. Die Ring se voorstel kan wel nog tydens daardie besinning as 'n opsie oorweeg word. Dis aan die Dagbestuur opgedra om die aanvoorwerk vir so 'n "bosberaad" vroeg in 2011 te doen.

Ons moet baie fyn luister na die Koning van die kerk. Die meeste van ons hou nie van veranderinge nie, maar soms is dit onafwendbaar en kan dit groot beloning inhou. Almal se gereelde voorbidding word gevra!

***Ds. Uys Theron***

## Terugvoer uit die 3e Lausanne Konferensie – John Piper in Kaapstad

In Oktober was Kaapstad vir die tweede keer in 2010 die fokus van die wêreld se aandag, maar die keer vir 'n meer geestelike rede as sokker. In Oktober 2010 het Christenleiers van regoor die wêreld na die moederstad gekom om die Lausanne Konferensie by te woon vir 'n weeklange reeks gesprekke en seminare oor sending en leierskap sake.

Alhoewel bywoning slegs deur uitnodiging geskied, kon die van ons wat nie genooi was nie nog steeds baat vind by die teenwoordigheid van so 'n verskeidenheid gesogte Christensprekers en -leraars in ons stad. Een van die was John Piper*, 'n Amerikaanse predikant en skrywer. Hy is bekend vir sy sterk Calvinistiese geloof, sy propagering van *5 point Calvinism* en sy lering van "Christen hedonisme". Hy het by 'n paar geleenthede buite die konferensie self gepreek. So het hy op 31 Oktober in die St James Gemeente in Kenilworth opgetree, waar hy die konsep verduidelik het.

Piper het gepreek oor God se grootheid en hoe dit ons behoort te beïnvloed. God is die Opperwese van die heelal. Hy is oneindig meer waardevol as die hele mensdom. Hy is die absolute realiteit - alles anders spruit voort uit Hom.

God erken die waarde van dit wat waardevol is. En dan volg dit daaruit dat God Homself as waardevol erken. God kan nie anders optree nie! Party mense sal dink dit is selfsugtig of selfgesentreerd. As 'n mens so sou optree, sou ons nie baie van hom hou nie, maar God se oneindige waarde is ons vreugde. Ons is gemaak om voor Hom in verwondering te staan. Ons is gemaak om Hom te prys. Die hele natuur bestaan om God te loof. Deur Homself te verhef, Homself te verhoog, word ons deur Hom vervul. Ons vreugde in Hom vergroot Hom - ons behoort onsself daaraan te wy om vreugde in Hom te vind - dit is "Christen hedonisme".

Ons behoort ons tyd en energie te spandeer deur daaraan te dink hoe ons op die brandpunt van diens vir God kan wees, ongeag hoe oud ons is. Kan ek vreugde in God nastreef en tog onverskillig wees vir die vreugde van ander? As ek my vreugde in God ten volle uitleef, sal dit maak dat ek ander mense meer lief het? Piper sê dat 'n vreugdevolle Christen soos 'n atmosferiese hoëdrukstelsel is. Wanneer hy naby 'n vreugdelose persoon is, moet van die vreugde van die hoëdrukstelsel na die laedrukstelsel vloei. Dus, as ons vreugde in God nastreef, kan ons nie anders as om die vreugde van ander te vermeerder nie.

Piper definieer liefde as die oorvloed van vreugde in God wat die behoeftes van ander vervul. Dit is ons plig as Christene om God se vreugde na te jaag en uit te leef. Dus kan die wat onverskillig is met die najaag van God se vreugde ander nie liefhê met God se liefde nie.

Piper het afgesluit met die seënwens: "May your joy in God be magnified into love for others."

*Een van John Piper se boeke, *Don't Waste your Life*, is beskikbaar in die kerkbiblioteek.

***Andrea Vavruch***



## Constantia-gemeente by `n Kruispad?

**Jeff Fowler skryf:**

Ek het onlangs Houtbaai se gemeentegroei verslag gelees en was baie beïndruk met wat daar aan die gebeur is. Aanvanklik het hul nuwe toevoegings my ietwat jaloers gemaak aangesien ons lanklaas in Constantia nuwe lidmate bygekry het, maar Houtbaai het vir lank baie hard gewerk om persoonlike en geestelike verhoudings op te bou en daarvoor moet hulle gelukgewens word – hulle is nou immers besig om die vrugte daarvan te pluk.

Iets wat ek net weer eens besef het na ons onlangse Wyksraadvergadering, is dat ons in Constantia baie min aktiewe lidmate het tussen die ouderdom van 18 – 50 jr. Volgens die onlangse ouderdom statistieke is daar nou amptelik meer lidmate op ons boeke bó die ouderdom van 50 jr. (51%) as 50 jr. en jonger en lyk die getalle soos volg:

| | |
|---|---|
| 17 jr. en jonger | = 36 dooplidmate |
| 18 – 50 jr. | = 101 lidmate |
| 51 jr. en ouer | = 141 lidmate |

Soos reeds genome, is nie al hierdie lidmate aktief betrokke nie en met 'n erediens bywoningsyfer van ongeveer 35% word die prentjie ten opsigte van die voortbestaan van ons gemeente nog donkerder. Ons sien ook nie veel nuwe lidmate wat by ons aansluit nie. Al hierdie feite is ou nuus en hierdie skrywe is nie daarop gemik om mense depressief te maak oor die toekoms van die gemeente nie.

Ongelukkig is dit só dat ons huidige strategie om ons missie en visie uit te leef nie werk nie en dat ons, ons benadering ingrypend sal moet **verander**. Dalk word daar te veel op Wyksraadvlak oor die gemeente se visie/missie gepraat en te min op grondvlak. Wanneer 'n mens die gemeente uitnooi om deel te neem aan oop gesprekke rakende die toekoms van die gemeente, is die meeste mense "te besig" en het hulle "eenvoudig net nie tyd nie".

Dit is egter 'n feit dat ons onself in vinnig veranderende tye bevind en Constantia-gemeente is besig om baie vinnig baie ver agter te raak. As ons onsself nie aanpas by die tye en omstandighede nie, kan ons maar die kerkgebou se deure sluit oor ±13 jaar (statisties gesproke).

Natuurlik is daar ook eksterne faktore soos bv demografiese veranderinge, beskikbaarheid van moedertaal skoolonderrig, werksgeleenthede in die omgewing, ens. wat 'n wesenlike bydrae lewer tot die dalende syfers. Dit is nie die bedoeling om die leser te ontnugter nie, inteendeel, daar moet eerder gefokus word op die veel belangriker saak, die gemeente se volhoubare voortbestaan.

Myns insiens staan ons by 'n kruispad waar baie belangrike en moeilike besluite geneem moet word rakende die toekomsrigting waarin die Constantia-gemeente gestuur moet word. Ons het al ligweg gepraat oor verskeie opsies, nl: die Ring van Wynberg se voorstel, Gestuurde Gemeentes, L10T, ens., maar is dit eens dat daar meer gepraat moet word hieroor en ander opsies dalk ook oorweeg moet word voor ons 'n rigting inslaan. As daar lesers is wat nie weet waarvan ek praat wanneer ek verwys na "verskeie opsies" nie, illustreer dit dalk net my punt, naamlik te veel gesprekke op Wyksraadvlak en te min lidmaat betrokkenheid.

Nou vir die miljoen rand vraag: Wat staan ons te doen?

- Bid. Bid vir die Constantia-gemeente en vra die Here om die pad wat ons moet loop duidelik uit te wys.
- Praat. Kom lig jou opinie/vrese by geleenthede wat geskep (gaan) word.
- Kry hulp van buite. Daar is heelwat kundiges op dié gebied wat advies kan gee. Ons kan hulle selfs nooi vir praatjies/inligtingsessies.
- Hou 'n Gemeente Luistersessie; iets wat ek baie sterk sal steun.
- Glo. Glo onverskrokke en onderwerp onself aan God se gesag – wees gehoorsaam in alles wat Hy sê.
- Verandering kom van binne. Vernuwende denke is 'n gevolg van mense wat uit eie keuse en vanweë hul geloofsoortuiging wil transformeer.
- Implimenteer besluite wanneer almal daaroor saamstem, volgens die beginsels van Henry Blackaby.

Hierdie idees is oop vir bespreking, kritiek en verdere bydraes. My enigste wens is dat die inhoud hiervan die debat rondom Constantia-gemeente se toekomsvisie aan die gang sal sit en dat ons ook oor 'n paar jaar 'n suksesverhaal kan vertel.



*(Gemeentelede se reaksie op bostaande kan per e-pos of op enige ander skriftelike wyse aan die redakteur voorsien word. Die gesprek moet gevoer word. - Red.)*

Gedurende September en Oktober het verskeie gemeentelede besoeke aan die buiteland gebring. Hier is enkele indrukke.

## *Op toer deur Italië - Bon Giorno*

Teen halfagt laai die toerbus ons buitekant die Vatikaanstad af. Die hek maak om nege-uur oop vir toergroepe, en daar is reeds 'n lekker lang tou. Ons sit sommer op die sypaadjie en bekyk die Italianers wat verbysukkel in spitstyd. Lyk maar nes onse mense op die M3 soggens: sommige nog vas aan die slaap en ander moeg voor hul by die werk is!

Uiteindelik kan ons ingaan. Eers 'n yslike portaal met veiligheidswagte en skandeerders vir sakke. Op met die trap na die enorme geskenkwinkel en dan na die binnetuin waar ons plaaslike gids wag. Sy neem ons na die binnehof waar die geskiedenis van die Vatikaan aan ons vertel word. Dit is ook hier waar die enorme brons dennetol, eens deel van 'n fontein in Antieke Rome, is. Besoekers moet 'n eenrigtingstelsel volg en hier is hope goed om te sien. Die verskillende museums word gehuisves in paleise wat oorspronklik vir welgestelde Renaissance pouse gebou is. Baie van hulle is dan ook versier met wonderlike muurskilderye soos dié in die Sistynse kapel. Eers besigtig ons die Tapisserie-galery en die kaart-galery. Hier word, onder andere, kaarte vanaf die 16e Eeu bewaar. Die heel indrukwekkendste is die dakskildery van Michelangelo in die Sistynse-kapel. Die hoofpanele beeld *Die Skepping* en *Die Val van die Mens* uit. Daar is ook 'n enorme skildery deur Michelangelo oor *Die Laaste Oordeel* op die muur agter die altaar.

Die Basilika van Sint Petrus is opgerig op die plek van Petrus se graf. Dit is 'n yslike konstruksie wat meer as 'n eeu geneem het om te voltooi. Daar is marmer in oorvloed, en die hoogtepunte is Michelangelo se *Pieta,* die koepeldak wat deur Michelangelo ontwerp is, en die "preekstoel" in die barok-styl deur Bernini. Ons is ook baie gelukkig om 'n koor te hoor: daar is 'n mis terwyl ons daar is. In een van die sykapelle word daar reggemaak vir 'n troue, en toe ons buite op die Piazza se trappe kom, is ons net betyds om die lieflike bruid en haar gevolg te bewonder. 'n Mens kan maklik 'n paar dae hier vertoef, maar die innerlike moet gevoed word en ons besoek gou die winkel en die restaurant.

Namiddag is dit ons, Via Cavour en die soektog na *San Pietro in Vincoli* ("Petrus in kettings") – die basilika wat gebou is om die kettings, wat na oorlewering gebruik is om Petrus in Rome en Jerusalem te boei, te huisves. `n Soektog beslis, want in Rome is dit nie sommer straat-op en straat-af nie. Hier moet ons ook eers met 'n stel trappies na bo, regs draai vir die piazza, en die kerk op linkerhand vind. `n Baie vrolike atmosfeer heers buite, 'n straatmusikant speel Napolitaanse wysies op 'n trekklavier in die hoop om 'n paar euro te maak. Die basilika is redelik eenvoudig binne, veral in die lig van wat ons al gesien het. Die kettings word in `n verligte glaskas onder die hoofaltaar uitgestal. Daar is ook die baie beroemde marmer standbeeld van Moses (met twee horings op die kop), deur Michelangelo (1515) waaroor Izak de Villiers, W.E. G. Louw, Elisabeth Eybers en ander gedig het.

*Jou neus is soos `n kraai se snawel en jou oë staar*
*verby die beelde, kruise en ikone na `n plek waar*
*jy al was en weer wil wees – om nooit weer*
*t`rug te keer nie, na die Teenwoordigheid op Nebo:*
*Daar wag Jahwe soos by die doringbos in die woestyn.*
*Jy wil dat Hy jou alles wys en blink in Hom in lig verdwyn.*
*(I.L. de Villiers – Vervreemdeling)*





**OBERAMMERGAU**



**Magdaleen Schmidt** was tydens `n Europese toer gelukkig om ook die Passiespele in Oberammergau by te woon. `n Pessiekte het die dorp in die 17de eeu getref en die gelowiges het tot God gebid en uitkoms gevra. Hulle sou hulle dank betuig deur elke tien jaar `n Passiespel op te voer om Sy lewe en sterwe uit te beeld. Dit het die eerste maal in 1634 plaasgevind. Die mees onlangse was vanaf 15 Mei tot 3 Oktober vanjaar.



En Magdaleen was daar!



**ADRESSE**

H/v Ladies Mile en Firgroveweg,
KREUPELBOSCH, 7945
Telefoon/Faks (Kerkkantoor):
021-712 1682

Houtbaai-Kerkgebou:
h/v Oxfordstraat & Albertweg, Houtbaai
webmaster@houtbaaigemeente.co.za

Webwerf addresse :
Constantia - http://ngkconstantia.za.net
Houtbaai - www.houtbaaigemeente.co.za

## CONSTANTIA - TALENT

Septembermaand was Talentmaand in Constantia. Die Here het ons geseën met talente. Die aand was gelaai met die Rock- en pop-klanke van Zout (Jeug Band), dan die klassieke klanke van Rebekka, Thomas en Beno op die klawers, terwyl Alister, Kira , Jolene, Dawid , Hansie en Jamie ons aan hulle lippe laat hang het met hulle voordragstukkies. Marlet en Johan het gevaarlik gelyk in hulle karatepakke terwyl hulle, hulle Kattas gedemonstreer het. Clara het op haar blokfluit *Hansie Slim* gespeel, terwyl Allister en Kira hulle sangstukkies met ons gedeel het. Marlet het haar eie komposisie, *That's Life*, op die klavier vertolk terwyl Stefni op tromme en later op klavier saam met Pa Fred op saxofoon ons teruggevoer het na die goue ou dae. Van ons gaste het ook hulle talente met ons kom deel . Johan van Heerden het naam gemaak as Constantia se eie troebadoer. Liezel Gottert het almal in vervoering gehad met haar vertolking van *Love Story* en *Die Here is my Herder*. Aan die einde van die aand het elke kind met 'n plakkaat van die smal en breë weg (seker baie van ons ken dit nog), huis toe gegaan; `n geskenk van Louis Bosch.
Die kinders het ook hulle talente gebruik en by Rusoord vir die bejaardes gaan optree. Hulle het eetgoed saamgeneem waar daar na hulle vertoning saam met die bejaardes gekuier is.




## Ja, daar's 20ish's in die gemeente ook!

In 'n gemeente waar die gemiddelde ouderdom al hoe hoër styg, is Constantia gemeente tog nog bevoorreg om 'n groepie jongmense in die "20ish" ouderdomsgroep te hê wat op 'n weeklikse basis bymekaar kom op Maandae aande.

Die *20 Somethings* was bevoorreg om vanjaar 'n hele paar nuwe lede by te kry, en bestaan tans uit 10 lede, vier mans en ses dames, almal enkellopend (maar getroudes is ook welkom). Nie almal is lidmate van Constantia nie, sommige behoort aan ander kerke. Die selgroepie kom op Maandae bymekaar, en hou hulle besig met 'n gesonde verhouding van klets oor lief en leed en daaglikse dinge, *worship* (lofprysing), Bybelstudie, gebed, en darem beslis ook 'n *social* so elke nou en dan om te sorg vir goeie balans.

Soos met ander selgroepe is die *20 Somethings* vol geleenthede om betrokke te kan wees by die kerk, jou geloof uit te leef, daaroor te besin en te groei in geloof, om nuwe mense te ontmoet en ook sosiaal te verkeer. Hoogte punte hierdie jaar was die geleentheid om Tafelberg te gaan uitklim, 'n studie oor die apokaliptiese boeke *Daniël* en *Openbaring*, 'n paar Video`s van Rob Bell wat gekyk en bespreek is, kersgeskenke wat opgemaak is vir *Operation Shoebox*, en tans is die groep besig om te besin oor gawes, talente en passies.

Jong mense van middel 20`s tot middel 30`s is welkom om by die groep in te skakel. Kontak Andrea Vavruch vir meer inligting : driekie_v@yahoo.com.

## *Operation Shoebox*



Die *20 Somethings* het vanjaar deelgeneem aan *Operation Shoebox* se kersgeskenk projek. Elke jaar maak *Operation Shoebox* honderde geskenke bymekaar vir minderbevoorregte kinders – daardeur ondersteun hulle weeshuise en ander welsynsorganisasies, insluitend Badisa. Deelnemers kan 'n kind "aanneem" en vir hom of haar 'n skoendoos volpak met toiletware, klere, speelgoed en lekkers, wat dan by 'n kerspartytjie vir die kind oorhandig sal word. (In tipiese *20 Somethings*-styl het ons bietjie oorboord gegaan en houers heelwat groter as skoendose gebruik!)









